

2022 JAARVERSLAG

AREA 11

Soos voorgehou op 23 Februarie se konferensie te Reynekepark (met Tierpoort as gasvroutak).

Area 11 bestaan tans uit 4 takke nl. Fichardtpark (33), Jacobsdal (18) , Petrusburg (28) en Tierpoort(16).

Dis met groot hartseer dat, ten spyte van herhaaldelike motivering, Hertzogville en Bultfontein einde 2021 versoek het om te ontbind. Albei takke het 8 lede gehad. Van Hertzogville se lede het aangesluit by Hoopstad VLU tak.

Die oorblywende 95 lede van area 11 is almal aktief en lewer positiewe insette in hulle takke en gemeenskappe.

Bultfonteintak het 2021 se konferensie uitstekend aangebied ten spyte van inperkingsregulasies.

Area 11 is 'n sterk, lewendige area en het die uitdagende jaar van Covid 19 en al die inperkings met geloofsvertroue en sterk uithouvermoë aangepak . Slim planne is beraam as daar nie vergaderings gehou kon word nie. Die whatsapp is veral goed ingespan deur Jacobsdal. Hulle het allerhande virtuele demo's gedoen en die tegnologie is behoorlik gerek en gestrek. Petrusburg het slegs een vergadering agv inperkings nie gehou nie maar is later met 'n ander studierigting gekombineer. Die res vd jaar is vergaderings gewoon aangebied. Dit het die lede se Samehorigheidsgevoel geweldig versterk om mekaar fisies te sien en te kuier met byeenkomste.

Al die takke het moeite gedoen om heerlike afsluitingsvergaderings te hou.

Fichardtpark het twee lede van Tierpoorttak uitgenooi na hule afsluitings kuier wat ook die jaarlikse prysuitdeling was.

Tierpoort het op 'n plaas met heerlike eetgoed uitgespan en gekuier. **Jacobsdal** het 'n vis en slaai ete onder die bome aangebied. Bo en behalwe **Petrusburg** se fyn teepartytjie afsluiting, bied hulle vir die afgelope 4 jaar ook 'n lekker afsluiting saam met ons manne by 'n wildsplaas onder die sterre aan. So, Petrusburg se manne is baie positief oor VLU!

Area Kompetisies

Al die takke neem met entoesiasme deel aan die konferensie artikels. Artikels van area 11 wat tydens Vrystaat kongres 2021 beoordeel word:

Borduurwerk 4; Masjienwerk 2; Borduurmasjien 1; breiwerk 4 hekelwerk 3 handvlyt 2 skryfstukke 5 skilderstukke 5 en dan die blomme , gebak en preservering.

Plekke behaal met kongres:

Borduurwerk :Sonia Jacobs 4e 82%

Masjienwerk : Alta Moller 3e 79% en Sonia Jacobs 6e 76%

Borduurmasjienwerk Sonia Jacobs 5e 80%

Hekelwerk : Lucy Viljoen (Tierpoort) 2e 87% Sonia Jacobs 3e 86% Alta Moller 4e 85%

Fotografie Amanda Jacobs 1e 90%

Skryfkuns: Janine van Jaarsveld 2e 83% Elsa Kolver 6e 77%

Preservering: Winnie Ward 4e 76%

Gebak : Heleen Smith 5e 75%

Blomme : Esmé Viljoen 1e 89%

- Sonia Jacobs verower die wisseltrofee vir die dame met die meeste punte op kongres.
- As die grootste verrassing wen Area 11 die kongres en verower die Amanda vd W wisseltrofee!

Area 11 is ook baie trots op die vlge lede wat presteer het op **SAVLU** kongres:

- Janine van Jaarsveld 'n eerste plek met skryfkuns asook 'n spesiale toekenning vir besondere taalgebruik vars storie
- Amanda Jacobs se foto verower 2e plek .
- Sonia Jacobs is die dame met derde meeste punte op kongres! Haar Mandala kry 4e plek.

Al die takke se jaarbeplanning het die voorgeskrewe studierigtings aangespreek en is op kreatiewe wyse aangebied.

Welwillendheid

Petrusburg bied 'n boemelaarsmiddag aan , en spreek daarmee saam ook die werklike nood van hulpbehoewendes aan. Nie-bederfbare produkte asook kontant word aan die spreker gegee. Hulle gee ook aan Rosepark se gesondheidswerkers in Februarie en Mei bederfpakkies en bemoedigende boodskappe vir die Covid pandemie. Petrusburg bederf Ons Woning vir bejaardes twee keer met eetgoed tydens hulle algehele inperkings. Die tak neem ook deel aan die kombesprojek.

Jacobsdal maak lede met whatsapp vergadering bewus van Jakkies Opwaarts Sentrum. Hulle maak ook kombesies vir die SA kombesprojek . Bejaardes bo 80 word deur Jacobsdal lede bederf met eetgoed.

Fichardtpark deel 207 goedvoelpakkies uit aan gesondheidswerkers van Medi clinic Bfn.vir hulle uitreikprojek aan gesondheidswerkers. Hulle doen ook baie moeite met die kombesprojek. Die kombes word geskenk aan Terapya huis.

Tierpoort se lede het elkeen aan haar eie huisdokter 'n dankie geskenkpakkie geneem as bemoediging vir hulle aandeel aan die behandeling van siek pasiënte. Hulle het ook kombesies gemaak en aan twee Jadey huise geskenk.

Vandag se vrou

Fichardtpark het 'n baie insiggewende vergadering gehad oor hidroponika. Mev. Anita Oliphant gesels oor skilderkuns en lig veral Picasso uit as uitsonderlike skilder.

Die rol van die vrou in Landbou is baie insiggewend gedoen deur Fichardtpark. Dr Arend de Waal , 'n chemiese patoloog lig hulle breedvoerig in oor verskeie werkinge van bye.

Sarie Knoetze moes Richelieu borduurwerk dmv. WhatsApp video vir Jacobsdal wys. Hulle het ook virtueel 'n inligtings vergadering gedoen oor hoe om die tuin in jou huis te bring.

Petrusburgtak leer hoe om met tjokopaint te verf. Baie verrykend. 'n Taklid demonstreer ook die maak van Naanbrood. Petrusburg se visie-voorsitter besluit dat ons Vrou 24/7 se resepte moet gebruik. Sy demo die "Hanna se kaneeltert" en dis dan ook die lekkerte saam met koffie tydens 'n vergadering.

Naaldwerk

Petrusburg ontdek deur 'n demo hoe om 'n kombes te maak sonder die masjien. Net knip en knoop. Oulike idee vir die SAVLU kombesprojek.

Jacobsdal whatsapp hulle innoverende naaldwerk klas: die omskep van 'n ou denim kledingstuk na 'n drasak.

Petrusburg het 'n uiters kreatiewe boervrou/sakevrou/kunstenaar van Petrusburg genooi om die hele proses van wol verwerking te kom demonstreer. Van die skeersel tot spinwielweef en produkte maak. Ook hoe vilt ontstaan het. Elkeen kon 'n blommetjie maak.

Area 11 maak 84 kombesies vir die SAVLU kombesprojek. 'n Projek wat alle verwagtinge oortref en getuig van ons vroue se omgee-harte.

Pak jou tas (Kultuur)

Fichardtpark maak kennis met die landjie Azerbaidjan , die land van vuuraanbidders. . Hulle vroeëre kultuur van pakkere as vervoermiddel leef steeds in die platteland van Azerbaidjan voort.

David Kaplan van Old Mutual vertel aan Jacobsdal hoe belangrik dit is om al jou noodsaaklike inligting op een plek of lêer te bêre.

Petrusburg besoek Israel dmv. 'n besondere vertoning en tipiese Joodse musiek.

Interieur

Mnr Ulrich Venter van Bow Tie Creations Bfn. demonstreer die nuwe modetrent in tafeldekkers met **wat** jy het. Kleure uit die natuur en idees word mildelik gedeel en baie kreatief aangebied. Veral veldgrasse en sade is gebruik!

Fichardtpark lede het blomme en loof na hulle interieurvergadering geneem in April. Marthie vd Westhuizen en Christa Jaquire moes toe rangskikkings maak van dit wat daar was! Baie inspirerend, verrykend en vol lag en vreugde en hope idees.

Handvlyt:

Petrusburg het 'n **werkswinkel in Chabby chic** aangebied waar takke van area 11 asook area 10 genooi is. Dit was 'n uitsonderlike oggend saam met Almargo Kruger.

Tierpoort se beoordelaar en huishoudkundige Mev. Sonia van Zyl, bied 'n handvlytopleiding oor twee dae in Bfn. aan. Sy beoordeel ook konferensie artikels in verskeie areas. Sonia bied ook saam met Alti v Rensburg die verrykingsseminare aan.

Kultuur /Kreatiwiteit

Petrusburg het die leesprojek hier aangespreek. In Flip file sakkies is prenteboekies volgens temas gemaak en aan die Bynes kleuterskool geskenk.

Jacobsdal se bestuur het 'n besondere Vers-en-klank video gemaak en die lede kon lekker luister op WhatsApp. Hulle lede is ook bederf met geskenkpakkies wat by die huise afgegee is.

Hulle leer ook hoe om papierkrale te maak.

Aktuele Sake

'n Konsultant van ABSA gee aan Petrusburg veiligheidswenke tov. Geldsake . Sy verskaf ook die Fraudline nr: 086 0557 557. Dan wys René v Loggerenberg die dames stap vir stap hoe om veilig aanlyn aankope te doen.

Jacobsdal bied 'n decluttering werkswinkel elektronies aan. Mari Kondo se metode word stap vir stap gevolg.

Tierpoorttak gee die volgende wenk aan die hand:

Lede het die behoefte aan meer werkswinkels en demonstrasies en moontlik minder sprekers.

Die res van area 11 voel dieselfde en daarom is begin daarmee . Al die takke stel hulle ook ten doel om meer praktiese en bekostigbare kompetisie artikels voor te skryf.

Finansies

Jacobsdal spreek finansies op 'n uiters kreatiewe manier aan. Hulle verkoop Valentyns looitjies (Jan tot middel Feb) teen die bedrag van R1000 per lid, met goeie prystrekkings. Die geld dek dan alle kostes deur die jaar. Dit werk vir hulle. Van die takke het maar groot uitdagings met finansies agv. eiesoortige omstandighede.

Petrusburg het met die inperkings 'n koekverkoopplan gemaak . Hier is die sosiale media platvorms ook ingespan . Hulle maak 'n goeie wins op hierdie manier.Hulle het ook met elke vergadering 'n marktafel ter stywing van hulle fondse.

Van die takke se meer senior lede het nie die toepassings van WhatsApp ens. op hulle selfone nie. Die bestuur van Fichardtpark neem leiding en hou kontak deur besoeke asook telefoonoproepe. So reik hulle uit na mekaar en verneem op gereelde basis na elkeen se welstand.

Ja en dan het die takke ook kletsgroepies waar dit kan gons soos by die outydse plaastelefone!

Takbesoeke

Takbesoeke is gebring aan Fichardtpark asook Tierpoort. By beide takke is ek met spontane gasvryheid oorlaai. Die werksaamhede van beide takke het werklik beiindruk.

Met Tierpoort het ek heerlik saamgewerk aan hulle beplanning vir hulle konferensie van 2022 te Reynekepark. Wat 'n hegte groep dames wat besonder goed saamwerk.

Ten slotte

Area 11 se VLU takke stel hulle ten doel om insiggewende vergaderings te reël wat die dames se gemoedere sal lighou met genoeg lag, werk en kuier. So kon ons al die fasette van vrouwees aanspreek en mekaar verryk, bemagtig en geestelik versterk.

Om skatte van ewigheidswaarde te versamel en ons harte met mekaar te deel het ons hierdie jaar se leuse van: **jou hart is waar jou skat is**, met vreugde en blymoedigheid in 2021 afgesluit.

VLU vroue van durf en trou en absoluut **UIT EEN STUK GEKERF**.